

Christus skep in ons toewyding en gee toerusting aan sy kerk

Ds. PJ Kriel

04.06.2023

Inhoud Die Here Jesus skep in ons toewyding aan God deur ons deur die Heilige Gees in te sluit by wie Hy as die Christus is. Die Here rus sy kerk deur die Heilige Gees toe met die bedieningsmiddele van die evangelie verkondiging, doop en Nagmaal. In die valse kerk word elke mens met God se goddelikheid vervul en moet elke mens se persoon, lewe, krag en beeld die bedieningsmiddele word waardeur God nou kamstig werk.

Skriflesing Lukas 24: 36 – 48; Handeling 2: 32 – 42.

Teks Lukas 24: 49 “ En Kyk, Ek sal die belofte van My Vader na julle stuur.

Tema Christus skep in ons toewyding en gee toerusting aan sy kerk

1. Daar is 'n groot verskil tussen toewyding en toerusting.

Toewyding aan die Here is bekering en gebed tot, liefde vir en diens aan die Here Jesus. Toewyding is aanbidding. Die toerusting van die kerk is die toevoeging van die diensmiddele van die evangelie verkondiging, die bediening van die doop en Nagmaal en die toepassing van die Christelike tug tot die kerk. Hierdie drie diensmiddele is kragtige instellings van die Here in sy kerk wat Hy gebruik om sondaars in sy genade in te sluit en deur sy genade hulle te regeer.

Met die Here se verskyning aan sy dissipels die Sondagaand na Hy die oggend uit die dood uit opgestaan het, het Hy volkome toewyding aan Hom in sy dissipels geskep. In Lukas 24: 44 word berig dat die Here in sy dissipels die geloof in sy liefde geskep het, die geloof dat Hy vir hulle sondes gely en uit die dood uit opgestaan het. In Matteus 28:17 word berig dat die Here met sy verskyning in hulle aanbidding in hulle skep en in Johannes 20:28 word berig hoe Tomas homself aan die Here toewy met die geloofsvertroue: “ My Here en my God.”

Voor die Here se opstanding uit die dood, terwyl die dissipels vir drie jaar lank saam met die Here geloop, gewerk, geëet en geslaap het, het hulle Hom nooit as Here en God aanbid nie. Met sy opstanding gee die Here aan die dissipels die gawe van die Gees waardeur hulle Hom aanbid – glo in sy liefde as God. Hul bekeer tot sy genade, hom in gebed aanroep en met liefde hulself aan sy diens toewy.

Naas hierdie gawe van toewyding aan Hom deur die Heilige Gees met sy opstandingsdag, het die dissipels geen ander krag nodig gehad om die Here te aanbid as God, om hulself aan hom as Here en God toe te wy nie. Hulle kon die Here nie na hierdie gawe met iets ander nog meer aanbid, kragtiger liefhê, beter dien of vollediger bekeer as hul toewyding om Hom as Here en God te aanbid nie. Die toewyding wat die Here in hulle geskep het, was volkome.

2. Die uitstorting van die Heilige Gees deur Jesus Christus in Handeling 2 gaan oor hoe die Here die kerk toerus met diensmiddele, nie oor toewyding aan die Here nie.

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig. Daar is 'n groot verskil tussen die toewyding van die personeel en passasier op 'n boot en die toerusting van die boot. Toewyding gaan oor mense se geloof, bekering, liefde diens en gebed op die boot. Die

Christus skep in ons toewyding en gee toerusting aan sy kerk

toerusting van die boot is sy enjin en stuurwiel, sy roer en sy kompas. Hierdie is die boot se toerusting, nie die personeel of passasiers se toerusting nie. Geen personeellid of passasier het 'n enjin en stuurwiel, 'n roer of 'n kompas nie. Hulle is nie bote nie. Hulle is lidmate van die kerk nie die kerk nie.

Die uitstorting van die Heilige Gees deur Jesus Christus was 'n eenmalige verlossingsdaad waarmee Hy die verbondsbelofte oor hoe die Christus gaan regeer vervul het. (Joël 2: 28 – 32) Net soos die Here Jesus eenkeer gebore is, gely het, gekruisig is, gesterf het, ter helle neergedaal het, opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel, aan die regterhand van die Vader gaan sit het en net een keer weer sal kom, het die Here net een keer die Heilige Gees op die kerk uitgestort.

Daarom was daar ook net eenkeer 'n opdrag van die Here aan sy kerk om in Jerusalem te wag vir die uitstorting van die Heilige Gees. (Luk. 24: 49, Hand. 1: 4) Na die uitstorting van die Gees was daar en sal daar nooit weer 'n waggeleentheid vir die kerk in Jerusalem wees nie en op geen ander plek was daar en sal daar ooit weer so gewag word nie.

Waarop moes die apostels wag? Hulle moes wag dat die Here die kerk toerus met drie bedieningsmiddele, net soos 'n boot toegerus word met 'n enjin, roer en kompas. Die kerk as instelling van die Here moes toegerus word met die verkondiging van die evangelie as die kragmiddel waardeur die Heilige Gees mense in Christus sal insluit, as die enjin en stuurwiel van die kerk. Die kerk as instelling moes toegerus word met die doop en Nagmaal as die kompas van die kerk en die Christelike tug as die roer van die kerk. Voor die uitstorting van die Heilige Gees was die kerk van Christus nie met hierdie diensmiddele toegerus gewees nie. Dit het op Pinksterdag plaasgevind. Daar was geen verkondiging van Jesus as die Christus nie, daar was nie die doop en Nagmaal nie en daar was nie die oproep tot bekering tot Jesus as Here en God nie.

Met die uitstorting van die Gees het die Here Jesus sy kerk met hierdie middele toegerus soos ons dit sien in die optrede van Petrus: Hy verkondig Jesus as die Christus (Hand. 2: 22 – 36), hulle bedien die doop (Hand. 2: 38) en hy pas die Christelike tug toe (Hand. 2: 40). en deur hierdie diensmiddele verenig die Heilige Gees 3000 Jode met Jesus Christus. (Hand. 2: 41)

3. Ons moet die verskil in die heilswerk van Jesus Christus ontdek!

Wie word aan die Here se liefde toegewy? Elke gelowige! Wie word toegerus met die aandrywingsmiddele van die kerk, die Woord bediening, sakramente en tug? Geen gelowige nie, maar die kerk van die Here as sy instelling!

Geen bemanningslid of passasier word met 'n enjin en stuurwiel, roer of kompas toegerus nie. Die Boot word daarmee toegerus. Daarom is die Woord bediening, die sakramente en tug nooit die besit of mag van gelowiges nie, maar van die kerk as die liggaam van die Here.

Aan gelowiges gee die Heilige Gees toewyding deur hulle geloof en liefde as gawes te gee, terwyl die Heilige Gees die kerk toerus met die aandrywingsmiddele. Die Heilige Gees het op die Here se opstandings Sondag die apostels met die geloof in

Christus skep in ons toewyding en gee toerusting aan sy kerk

en liefde vir die Here beklee en op Pinksterdag die kerk met die diensmiddele van die kerk.

Waarmee dryf die Here nooit sy kerk aan nie? Met gelowiges se geloof en liefde! Hulle bekering, gebed en diens! Aanbidding is nie die middele waarmee die Here die kerk deur sy Gees opbou, rigting gee en regeer nie. Aanbidding is net die verheerliking van God. Aanbidding laat die kerk nie vorentoe gaan, gee die kerk nie koers nie en draai die kerk nie in die rigting waarheen hy moet gaan nie. Aanbidding deur geloof en liefde is net die onbevange, vrye verheerliking van God.

Die kerklike bediening van die Woord van god, die doop en Nagmaal en toepassing van die kerklike tug, is hoe Christus sy kerk opbou, uitbrei, inrig, koers gee en vorentoe vat. Dit is hoe dit vir ons in die boek Handeling openbaar word – deur hierdie bediening van die apostels het die Here sy kerk opgerig en uitgebrei sodat gelowiges God onbevange kon verheerlik in en deur hulle geloof en liede.

4. Daar is bote waarop elkeen wat op die boot die boot met hulle eie krag moet aandryf. Dit is slaweskepe! Dit werk sô! Elkeen moet vasgeketting op 'n bank sit en die spane roei, op die ritme van die tamboerslaner en onder die geklap van die swepe van die sweepslaners. So word slaweskepe aangedryf.

Dit is hoe geestelikes van die Here se kerk 'n slaweskip maak waarop elkeen met sy eie krag die kerk moet aandryf. Die bediening van die evangelie word vervang met roeiers, die bediening van die sakramente word vervang met 'n geestelike tamboerslaners en die uitoefening van die christelike tug word vervang met die morele en geestelike verwyte van spirituele sweepslaners.

Die slagspreuk waarmee hulle hierdie geestelikheid bedryf is dat elke mens moet 'n bouer en aandrywer van die kerk van die Here wees. Hoe? Met hulle geloof, liefde, bekerings, gebede en diens! Die bedoeling van gelowiges se geloof, liefde, diens, gebede en diens word nou verander van die verheerliking van God na magsmiddele waarmee geestelike bewegings aangedryf word. So kaap hulle die vrye aanbidding van God om die kragte en magte van hulle spiritualiteite te word. In hierdie geestelike groepe word die versterking deur die doop en Nagmaal nou vervang met morele sweepslaners: hulle bind mense met skuldkettings aan kerkbanke in eredienste vas: die skuld vir apartheid, vir versoening, vir missionaliteit en elke geestelike bedryf wat hulle uitdink en opmaak. En dan kasty hulle jou met hulle verwyte en oordele. Dit terwyl die bedienaar van die evangelie nou die tamboer slaan van hoe moet jy bekeer, bid, sing, lofprys, getuig, liefhê en glo sodat jy met hierdie kragte hulle geestelike bewegings kan aandryf.

So maak hulle van toewyding aan God hulle geestelike inrigtings se aandrywingsmiddele en maak hulle van die kerk van die Here hulle slaweskip: mense kan nie meer God vryelik verheerlik deur aanbidding nie, maar aanbidding moet nou geestelike krag word vir versoeningsbedrywe, bekeringsbedrywe, missionale bedrywe, mistiekebedrywe en gebedsbedrywe vir reklame en geldinsamelings word.

Christus skep in ons toewyding en gee toerusting aan sy kerk

5. Die Here skep in ons aanbidding wat net verheerliking van God is en die Here Jesus rus die kerk toe met die 3 bedieningsmiddele: evangelie-prediking, doop en Nagmaal bediening en die toepassing van die Christelike tug.

In watter kerk en gemeente leef ons? Die boot van die Here wat Hy met 'n enjin, roer en kompas aandryf of geestelikes se slaweskepe waar elkeen met sy geloof, liefde, gebede en diens hierdie kultusse moet aandryf?

Die verskil tussen boot en slaweskip wys baie keer in die wyse waarop die 40 dae wag op Pinkster in kerke verkondig word. Die Kerk van die Here het net een keer in Jerusalem gewag op die Here om sy kerk te loods op Pinksterdag. Nooit weer wag die kerk ooit weer op die loodsing van die kerk nie. Die kerk is in volle vaart oor die hele wêreld besig om na sy eindbestemming voor te beweeg sonder enige gewaggery vir enigiets: voluit besig met die bediening van die evangelie. Sakramente en tug en voluit besig om God te verheerlik in aanbidding.

In geestelikes se slaweskepe is daar altyd 'n gewaggery voor hulle die kultusse met hulle vroomheid kan aandryf. In die Pinkster-charismatiese bewegings wag hulle elke jaar weer keer op keer vir 40 dae om die krag te kry om weer van vooraf 'n kragtige godsdienstige gemeenskap te word. En wag beteken dan die mobilisering van 40 dae se gebede, bekerings, aanbidding waarna die kerk weer kamstig godsvervuld en kragtig word deur al hierdie geestelike oefeninge.

Nog so gewaggery is spirituele meditasie. Hier moet gelowiges nou in geestelike tuintjies en wandelpaadjies loop en leeg word van hulle self sodat hulle met God vervul kan word en dan is hulle weer toegerus vir welsynsaksies in die gemeenskap waardeur hulle god kamstig orals teenwoordig maak.

Die vreemdste gewaggery is die prediking dat God nou in ander gemeenskappe as jou eie gemeenskap staan en wag dat jy daar vrywillige gemeenskapsdiens moet gaan doen om God daar koning te maak. God wag dat jy vir Hom moet kom werk want Hy kry nie iets gedoen as jy nie daar kom werk nie.

Die Kerk wag nooit weer om toegerus te word nie en gelowiges wag nooit weer om God te verheerlik nie. Ons dien en verheerlik God sonder enige gewaggery.